



Department of
Education

Shaping the future

Gedragskode



Boodskap van die Direkteur-Generaal

Leerlinge is die middelpunt van alles wat ons doen.

Deur met hulle opvoeding en versorging toevertrou te word, is nie net 'n voorreg nie, maar 'n groot verantwoordelikheid. Ons werk saam om gestalte te gee aan die toekoms van onderwys in hierdie Staat, en elkeen doen sy deel om die weg betekenisvol te baan vir ons leerlinge.

Om dit te bereik, poog ons om 'n kultuur en werksomgewing te skep wat ons in staat stel om aan die behoeftes en ambisies van ons leerlinge te voldoen. Dit is belangrik dat al ons besluite en dade ons waardes en gedrag weerspieël.

Ons **Gedragskode** is gebaseer op ons gedeelde waardes: **Integriteit, Billikheid, Uitdrukking, Eerlikheid, Spanwerk, Omgee, en Leer;** en ons gedrag in die werkplek: **Doelgerig, Gekoppel, Hoogpresterend, en Etiese Leierskap.**

Hierdie waardes en gedrag vorm die kern van alles wat ons doen en elke besluit wat ons neem.

Die Kode bepaal 'n stel standarde ('die Standaarde') waaraan werknemers moet voldoen wanneer hulle professionele én persoonlike besluite neem. Dit is ons individuele verantwoordelikheid om die Kode, die Standaarde en alle relevante beleids- en wetlike verpligte te verstaan en daaraan te voldoen.

Daar word van prinsipale en lynbestuurders verwag om die Kode te gebruik om integriteit en verantwoordbaarheid te bou, en om 'n etiese en waardegebaseerde kultuur te dryf.



Lisa Rodgers
Direkteur-Generaal



Erkenning

Ons erken en respekteer die tradisionele bewaarders van die grond en die water waarop ons leerlinge regoor Wes-Australië woon en opgevoed word.

Ons erken en verstaan dat die oudstes, ouers, gesinne en gemeenskappe die primêre opvoeders van hulle kinders is en ons erken en waardeer die kulture en sterk punte wat Australiese inboorlingkinders na die klaskamer bring. Australiese inboorlinge het 'n lang tradisie van onderrig en leer deur die deel van hul verbintenis met die land, gemeenskap, taal en kultuur, en deur hulle mondelinge geskiedenis, stories en beleefde ervaringe wat van geslag tot geslag oorgedra word.

Ons erken en waardeer die leerervarings wat Australiese inboorlingkinders van hulle huise en gemeenskappe na die klaskamer toe saambring.

Die term 'Australiese inboorling' beteken Australiese inboorling, Australiese inboorling en Straat van Torres-eiland, en Inheems. Wanneer daar na individue verwys word, gebruik die term Australiese inboorling.

Bewustheid

Deur te werk vir die Departement, stem ons in om die waardes aan te neem, die gedrag uit te leef en dat ons die Standaarde van hierdie Gedragskode moet nakom.

Dit is belangrik dat ons as openbare amptenare optree op 'n wyse wat voldoen aan die gemeenskap se verwagtinge en 'n openbare vertroue in die Departement handhaaf.

As departementelege verteenwoordigers, insluitend alle kontrakteurs en vrywilligers, moet ons verseker dat ons optrede buite die werkplek die integriteit van die Departement handhaaf en nie ons vermoë om ons pligte uit te voer, beïnvloed nie.

Die Kode is saamgestel en moet saamgelees word met die Kommissaris se Instruksie No. 7 – Etiese Kode.




Ons waardes

Die Departement bevorder etiese praktyk en gepaste standaarde van gedrag en optrede. Ons is verbind tot onderrig-, leer- en werkomgewings waar alle individue met respek en waardigheid behandel word.

Die optrede van personeel moet gerig word deur ons waardes wat 'n weerspieëling is van die maatskaplike verantwoordelikhede wat ons leerlinge, ouers en versorgers, gemeenskappe, belanghebbendes en elkeen van ons toekom.

Praktiese uitvoering moet in die daaglikse bedrywighede van die Departement aan hierdie waardes gegee word.

Ons waardes



Leer



Integriteit



Billikheid



Omgee



Uitdrukking



Spanwerk



Eerlikheid

Integriteit

Ons glo dat 'n goeie opvoeding die fondament is waarop alles anders gebou is. Ons neem hierdie verantwoordelikheid nie lig op nie en ons voel bevoorreg om deel te wees daarvan.

Ons tree te alle tye in die belang van leerlinge en die gemeenskap op.

Ons is verantwoordbaar en eerlik en ons het sterk etiese en morele beginsels.

Billikhed

Ons erken die verskillende omstandighede, behoeftes en aspirasies van leerlinge en personeel.

Ons streef na leer- en werkongewings wat vry is van rassisme, diskriminasie, afknouery, mishandeling of uitbuiting.

Ons glo dat daar meer as een pad na sukses is en ons doel is om elke kind te help om sy of haar pad te vind.

Uitdrukking

Ons luister aandagtig na mekaar en ons leerlinge, gesinne, gemeenskappe en belanghebbendes.

Ons moedig eerlike en eerbiedige uitdrukking van idees en uiteenlopende denke aan.

Ons bemagtig die stem van kinders en jongmense sodat hulle vennote in hul opvoeding kan wees.

Eerlikheid

Ons is verbind daartoe om te leer oor die uiteenlopende geskiedenis, ervarings en wêreldbeskouinge van die Australiese inboorlinge.

Ons skep kultureel-veilige leer- en werkongewings, en kultureel-responsiewe dienste, sonder rassisme en diskriminasie.

Spanwerk

Ons ondersteun, inspireer en moedig mekaar aan en heg waarde aan almal se bydrae.

Ons is voorstanders van vertroue en inklusiwiteit.

Ons erken die belangrikheid van samewerking om leerlinge te help om hul volle potensiaal te bereik.

Omgee

Ons toon wedersydse respek en aanvaar ons verantwoordelikheid om gepaste verhoudings te ontwikkel en te handhaaf.

Ons is oplettend en bedagsaam.

Ons streef daarna om ons, ander en ons hulpbronne veilig te hou.

Leer

Ons het 'n positiewe benadering tot leer en moedig dit aan by ander.

Ons bevorder leerlinge se leer op grond van ons oortuiging dat alle leerlinge die vermoë het om te leer.



Ons gedrag in die werkplek

Doelgerig

Ons stel die behoeftes en ambisies van elke leerling voorop in al ons optrede en besluite.

Gekoppel

Ons koppel ons vaardighede om responsiewe dienste te lewer.

Hoogpresterend

Ons werk gesamentlik om die hele taak te verrig en om die beste uitkoms te bereik.

Etiese Leierskap

Ons hou mekaar verantwoordbaar om oplossings te skep wat 'n verskil maak.

Ons Standaarde

Die Kode bepaal 'n stel standaarde om ons in ons gedrag as werknemers te rig.

Hierdie standaarde is ontwerp om leiding te verskaf wanneer sowel professionele as persoonlike besluite geneem word. Besluite wat in die konteks van ons private lewens geneem word, kan ook 'n impak hê op ons professionele reputasie.

Dit is ons verantwoordelikheid om die Standaarde te verstaan en na te kom en dit moet saamgelees word met alle relevante wetgewing, beleide en procedures. Verder moet ons billikheid, onpartydigheid en tydigheid in ons besluitneming uitoefen.

Tree professioneel en met integriteit op.

Ons is eerlik en betroubaar in ons verhoudings en ons demonstreer te alle tye waardigheid en integriteit, by die werk asook in die gemeenskap.

Skep kulturele veiligheid

Ons skep en handhaaf kultureel-veilige en -responsiewe werk- en leeromgewings.

Neem billikheid, diversiteit en insluiting aan

Ons vier en aanvaar mense van alle agtergronde en ons heg waarde aan elke persoon as 'n individu.

Handhaaf veiligheid en welstand

Ons handhaaf ons eie veiligheid en welstand, asook dié van ons leerlinge, kollegas en belanghebbendes.

Handhaaf akkurate rekords

Ons is nougeset ten opsigte van die vaslegging, bestuur en behoud van inligting.

Beskerm amptelike en vertroulike inligting

Ons verkry toegang tot en gebruik amptelike en vertroulike inligting slegs vir gemagtigde doeleinades.

Tree eerlik op

Ons is eerlik en oproeg in ons optrede en ons vestig die aandag op gevalle van bedrieglike en korrupte optrede.

Gebruik openbare hulpbronne op verantwoordelike wyse

Ons gebruik die hulpbronne van die Staat op 'n verantwoordelike en verantwoordbare wyse.

Bestuur geskenke en voordele

Ons handhaaf integriteit en etiek wanneer ons geskenke en voordele ontvang of aanbied.

Verklaar en bestuur belangbottings

Ons verseker dat ons persoonlike of private belange en affiliasies nie met ons openbare pligte bots of blyk te bots nie.

Werf op 'n billike wyse

Ons voldoen aan die Kommissaris van die Openbare Sektor se Indiensnemingstandaarde en die Departement se beleide, procedures en riglyne ten opsigte van menslike hulpbronne.

Doen aankope op 'n verantwoordbare wyse

Ons verkrygingsaktiwiteite is eties, eerlik en regverdig, en ons kontrakte word behoorlik bestuur.



Verstaan wangedrag

As werknemers moet ons die Departement se Gedragskode volg en gedagtgig wees aan die Standaarde.

Optrede wat in gebreke hiervan is, kan die reputasie van die Departement skaad, dit kan die geloofwaardigheid van personeel by die werk of in die gemeenskap in die gedrang bring, en dit kan 'n nadelige uitwerking hê op die veiligheid en welstand van ons kolgas en die leerlinge in ons sorg.

Personnel wat nie aan hierdie verwagtinge voldoen nie, kan instryd met die Kode wees en kan aan 'n formele dissiplinêre proses en optrede onderworpe wees, tot en met diensbeëindiging.

'n Oortreding van die Gedragskode kan ook onder sekere omstandighede bekommernis wek dat 'n ernstige misdryf gepleeg is.

Die aanmelding van personeelgedrag wat nie aan ons standaarde voldoen nie

Nie een van ons moet stilbly as ons enige onvanpaste, onprofessionele of onregmatige gedrag sien of hoor nie. Die stappe wat ons moet doen sal verskil na gelang van die aard en erns van die gedrag wat ons waargeneem het of waaraan ons onderwerp was. Die belangrike ding is egter dat ons nie stilbly nie.

Indien u onseker is oor watter stappe om te doen, of indien u voel dat u nie in staat is om die grief of geskil op 'n professionele wyse, so vroeg as moontlik, direk met die betrokke persoon op te los nie, moet u die aangeleentheid met u prinzipaal of lynbestuurder bespreek, sonder om besorg te wees oor reputasiekade of weerwraak.

Indien dit nie gepas vir u situasie is nie, moet die aangeleentheid by 'n meer senior persoon aangemeld word of as dit nie moontlik is nie, moet dit direk by Standaarde en Integriteit aangemeld word.

Personnel wat verdere inligting verlang ten opsigte van die Standaarde en die ondersteunende beleide asook toegang tot opleiding in Verantwoordbare en Etiese Besluitneming, moet verwys na [Ikon](#).

Indien u enige navrae het of verdere leiding oor enige aspek van die [Kode en Standaarde](#) verlang, kontak asseblief:

Professional Standards and Conduct

Department of Education
Level 2, 151 Royal Street
East Perth WA 6004
9264 4740
codeofconduct@education.wa.edu.au

Advieslyn

1800 655 985

Residensiële Kolleges Aanmeldingslyn

1800 011 114



TRIM Verw.: D21/0297195
SCIS: 5357025

© Departement van Onderwys
Wes-Australië 2021

Department of Education
151 Royal Street
East Perth WA 6004
9264 4111
education.wa.edu.au

Hierdie materiaal is op versoek in gepaste alternatiewe formate beskikbaar.

